

OM TE ADVERTEER:

JOHANNESBURG

EIDLEWEISS TEL 011-713-9637
HAZEL TEL 011-713-9559
FAKS 011-713-9575

Rapport

LOOPBANE 24

JOU TOEKOMS HIER VANDAG

OM TE ADVERTEER:

KAAPSTAD

THEA TEL 021-406-3253
FAKS 021-406-3131
DURBAN
MELANIE TEL 031-201-7080
FAKS 031-202-3633

5 November 2006

'Raak vaardig en gryp die geleentheid'

HELEN UECKERMANN

Suid-Afrika loop oor van die geleentheid om werk te skep deur klein-sakeondernemings op die been te bring.

Wat nodig is, is dat 'n bewustheid geskep word onder mense en vaardighede ontwikkel word sodat dié geleentheid en beskikbare finansiering benut kan word.

Geld is daar oorgenoeg, sê mnr. Unre Visagie, 'n tegnologie- en sosiale entrepreneur van Pretoria wat hom besig hou met die ontwikkeling van sake-ondernemings, tegnologie en gemeenskapsontwikkeling.

"Tussen R10 miljard en R20 miljard se finansiering lê en wag vir die regte sakegeleentheid.

Dit is om dié geleentheid 'n realiteit te help maak dat 'n splinter-nuwe handleiding, *Besigheidstoe-gang vir die Entrepreneur*, in die afgelope maand by die jaarlikse kongres van die Afrikaanse Handelsinstituut bekend gestel is.

Die webwerf www.ebio.co.za verskaf daarmee saam riglyne aan mense wat hul eie onderne-ming op die been wil bring, maar wat die vaardighede kort.

"Die goeie nuus vir entrepreneurs is dat alles reeds agterme-kaar is. Die kuns is dat toegang daartoe verkry word deur die regte vaardighede aan te leer," sê Visagie.

Visagie het die handleiding op-gestel in samewerking met prof. Japie Kroon, programleier en profes-sor in entrepreneurskap aan

die skool vir entrepreneurskap, bemarking- en toerismebestuur aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit en mnr. Jacob de Villiers, uitvoe-rende direkteur van die Afri-kaanse Handelsinstituut.

Visagie sê navorsing oor die af-gelope jare het aan die lig gebring dat daar niks skort met Suid-Afri-kaners se algemene vermoëns nie. Ook nie met dié uit die voor-been benadeelde gemeenskappe nie. Die proses van vaardigheds-ontwikkeling is vir almal die-selfde, sommiges loop net 'n lan-ger paadjie as ander omdat hul sake-agtergrond meer beperk is.

"Daar is ook meer geleentheid as mense wat daarvan gebruik wil maak. Die probleem is dat mense se spesifieke vermoë om daardie geleentheid te benut ge-breklik is," sê Visagie.

"Daar is meer as genoeg geld beskikbaar, maar slegs vir vol-houbare sake-idees.

"Dit beteken duidelike sakepro-jekte waar die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid by die-selwe plek of persoon lê. Die mense wat by die sakeprojekte be-trokke is, moet 'n persoonlike be-lang daarby hê en daar moet 'n duidelike winsmotief wees," sê Visagie.

Finansierders wil sien dat 'n projek suksesvol gaan wees en dat hulle 'n opbrengs op hul be-legging gaan sien.

"Daar is ook 'n reuse-bereidwil-ligheid onder mense wat reeds sukses behaal het in die sakewê-reld of die politiek om betrokke te



Mnr. Unre Visagie ... Daar is in werklikheid meer geleentheid as mense wat daarvan gebruik wil maak.

Foto: THEMBA MASEKO

raak om ander op hul voete te kry," sê Visagie.

Die bou van verhoudings en onderlinge vertroue is egter deurslaggewend om kapitaal los te maak.

Kroon sê 'n aantal kinders uit die agtergeblewe groepe wat 'n graad 12-kwalifikasie behaal het, is getoets en funksioneel ongeletterd bevind.

"Hulle funksioneer op die vlak

van graad 4 tot graad 8, wat beteken dat hulle nie behoorlik kan Engels praat of skryf nie en ook nie met syfers kan werk nie.

"Dit is die groot probleem in Suid-Afrika. Mense het matriek,

'Daar is genoeg geld'



Prof. Japie Kroon ... Te veel Suid-Afrikaners is funksioneel ongeletterd.

maar dit beteken nie noodwendig hulle kan die werk doen nie.

"Dit is dan die doel van die Ebio-webwerf. Daar word ons handleiding gratis verskaf vir dié wat hulself wil bemagtig," sê hy.

Die webwerf gee toegang tot die volgende vyf vaardighede wat eers bemeester moet word:

■ **Kommunikasie in Engels:** 'n woordeskat van 10 000 tot 12 000 woorde is nodig om suksesvol te kan sake doen. Dit sluit in lees-, luister-, tik-, praat- en begrip-svaardighede. Kinders kom soms uit skole met 'n Engelse woordeskat van skaars 1 800 woorde.

■ **Kommunikeer met nommers:** 'n funksionele syfergelettertheid is nodig vir die daaglikse bedryf van 'n onderneming.

■ **Saketaal:** Noodsaaklik om oor die weg te kom met profes-sio-

nele mense wat jou pad gaan kruis, soos prokureurs en reken-meesters.

■ **Intra- en interpersoonlike kommunikasie** moet onder die knie gekry word.

■ **Voornemende entrepreneurs** moet toegang hê tot omliggende infrastruktuur soos sakekamers, bande met mense in plaaslike politieke strukture, rekenaarkennis en opleiding.

Visagie sê kinders wat groot word in kommersieel en profes-sioneel suksesvolle families leer dié vaardighede van kleins af aan deur bloot te luister na gesprekke van volwassenes. Hulle leer so van netwerke en bande smee met ander suksesvolle mense in jou kerk en elders in jou gemeenskap. Hulle ouers prant saketaal.

"Nie almal het dié voorreg nie. Die gevolg is dat jy sonder die kennis grootword en dit daarom ook nie aan jou kinders kan oordra nie. Ebio bied nou daardie kennis," sê hy.

Hy noem as teoretiese voor-beeld van kleinsakegeleentheid wat in die Suid-Afrikaanse ekono-mie geakkommodeer kan word dat daar vir internetondernemings in Suid-Afrika nog 30 000 geleentheid is, 'n bykomende 2 200 toerismeondernemings kan geakkommodeer word, 36 000 ondernemings wat bedrywig is in die verskaffing van dienste en 5 000 wat doenig is met die grade-ring van vaardighede.

■ **Vir meer inligting** besoek www.ebio.co.za of stuur e-pos na unre@nexts.co.za.



www.ahi.co.za



www.ebio.co.za



www.igoebio.co.za



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

www.nwu.ac.za